Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

Postnetsuite 001
P/S X9676
Hampton Court
POLOKWANE
0700

TEL: 015 296-0940

FAKS NO: 086 543 0378

Woensdag, 3 April 2019
Nuusbrief no 7 / 2019

Goeie more liewe Osieteddie-ouers,

WELKOM TERUG

In ‘n oogwink is die vakansie net ‘n mooie herinnering, en skop die 2de kwartaal af nie net met ‘n reenbui nie, maar ook met baie ander lekkerte!

Welkom terug aan ons “ou” Teddies en Bere, en ‘n GROOT welkom aan al ons nuwe maats. Mag julle baie gelukkig wees in ons skooltjie!

1. **Op die kalender vir hierdie kwartaal:**

Ons eerste daggie was so effens rof, daarom het ons nuwe datum vir die vergaderings geskeduleer. Let wel asb:

- Saterdag, 6 April 2019 – Opedag vir nuwe maats, van 9 tot 11
- Maandag, 8 April 2019 – Kleuteratletiek vergadering / OOV vergadering
- Saterdag, 13 April 2019 – Kleuteratletiek te Oosskool
- Maandag, 15 April 2019 – Konsertvergadering
- Vrydag, 19 April 2019 – Goeie Vrydag (skool gesluit)
- Maandag, 22 April 2019 – Gesinsdag (skool gesluit)
- Maandag, 29 April 2019 – OOV vergadering
- Woensdag, 1 Mei 2019 – Werkersdag (skool gesluit)
- Woensdag, 8 Mei 2019 – Verkiesingsdag (skool gesluit)
- Vrydag, 10 Mei 2019 – Inryfliek met ons bokskarre
- Sondag, 12 Mei 2019 – Moedersdag
- Tot hier, ons stuur later die res!

2. **Opedag, Saterdag 6 April 2019**

Ons nooi alle voornemende ouers uit om te kom kyk hoe ons skooltjie lyk. Ons wil graag spog met die sentrum en met alles wat ons vermag!

3. **Nog 11 slapies ……..**

Dis ‘n fees om ‘n Teddie te wees-**KLEUTERATLETIEK** 2019

Datum: 13 April 2019
Tyd: 9uur (kleuters kom van 8:30 af aan en gaan sit by hulle klasgazebo; ouers sit op die pawiljoene asb!)
Plek: Oosskool se A-veld

Ons kan nou nie meer wag nie!!! Hulle sê mos… “’n Gesonde liggaam, huisves ‘n gesonde gees!”

‘n Byeenkoms van dié aard is nie moontlik sonder ouerhande wat vir niks stilstaan nie! Hierdie byeenkoms is ons groot fondsinsamelingsprojek vir die kwartaal, en daarom neem ons weer die vrymoedigheid om op u knoppies te druk. (dankie dat ek die vrymoedigheid het om dit te kan doen!)

Registrasiefooi
‘n R75 **registrasiefooi** is betaalbaar. U kleuter ontvang ‘n foto, medalje, lekkergoedpakkie en ‘n sertifikaat. U kan kies om die geldjie by u klasjuffrou in te betaal of dan hef ons dit op u rekening. Hierby gaan u ‘n skeurstrokie en ‘n koevertjie ontvang. Dui asseblief daarop u keuse aan.

Wat trek die kleuters aan?

- ♥ Atletiekhempie is die kleur van die klas (geborg):
- ♥ Denimkortbroekie / navy kortbroekie
- ♥ Kaalvoet
- ♥ Swemklere – trek dit onder aan

Skakel gerus indien daar enige onduidelikhede bestaan.

Ons sien uit na ‘n lekker kuier, huppel, hop en hardloop-dag! Ons bedank u vir u ondersteuning en bydrae tot die dag se sukses.

Fokus vir die week:
Ons het die afgelope ruk baie met die kinders gesels oor emosies. As jy vir kinders vra of hulle mag kwaad word, is hulle eerste reaksie: “Nee”. Ons leer die kinders: “Jy MAG kwaad word, maar daar is drie goed wat jy nie mag doen nie as jy kwaad word nie.
1. Ek mag nie myself seermaak nie.
2. Ek mag nie iemand anders seermaak nie.
3. Ek mag nie iets breek nie.

Ek mag wel vir jou sê dat ek (vir jou) kwaad is. Oefen dit gerus by die huis, oor en oor. Dit werk!

Osieteddies-groete

Me. Linda Kruger
HOOF: Osieteddies Kleinkindontwikkelingsentrum

……✂✂✂knip asb af, en stuur terug voor of op Maandag, 8 April 2019 ……..

TERUGVOERING: KLEUTERATLETIEK – Saterdag, 13 April 2019

Naam van kleuter: …….. Klas: …….
Ons kleuter gaan aan die atletiek deel neem / gaan nie aan die atletiek deel neem nie.

R75 inskrywingsfooi, dui asseblief aan:

	Kontant, hierby ingesluit		Hef op rekening

…….……. ……..……
Geteken Kontaknommer